

Dinsdag 31 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:1-6

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:5

“Hoog bo die onreg wat hier woel, staan God se heil’ge regterstoel”

Die opskrif is ’n aanhanling uit die 1936-beryming van Psalm 68 (vs 3). In die tyd van Psalm 68 was die onreg van onderdrukking aan die orde van die dag.

In ons tyd is onreg op alle terreine van die samelewing aan die “woel”, wat ten hemele skreeu. So ook was onreg aan die “woel” in die tyd van die eerste Petrusbrief waar gelowiges onder verontregting gely het. In 1 Petrus 4:1-6 staan verontregting in verband met allerlei gemene maniere waarop die lewe vir gelowiges, waarvan die meerderheid bekeerlinge uit heidendom was, moeilik gemaak is. Gelowiges se ou vriende, nog vasgevang in die greep van die heidendom, het dit vreemd gevind waar weggebreek is van die “stroom van losbandigheid” om volgens die wil van God te leef. Gelowiges is deur vriende van vroeër beswadder, beledig en lasterlike dinge toegedig. Hiermee is gelowiges voor ’n sware toets gestel: om nie vergeldend te handel nie.

Hiervoor word ons ook gestel as ons met die lyding van verontregting te doen sou kry: om nie die reg in eie hande te neem deur kwaad met kwaad te vergeld nie, maar om die oordeel aan God oor te laat. Die oordeelsdag kom gewis waar almal – lewendes en dooies – voor God verantwoording moet doen.

Vir gelowiges is daar vertroosting. Calvyn, gedagtig aan die Hervorming in die 16de eeu waaraan die 31ste Oktober herinner, het die vertroosting op grond van die Woord hierin verwoord: “Dit is vir ons ’n groot troos om te weet dat Christus die Regter sal wees. Hy sal nie op die regterstoel klim tot óns veroordeeling nie” (Institusie II, hfst. 16:18). Op sy “heil’ge regterstoel”, sal Hy regverdig oordeel oor die “onreg wat hier woel”.

Sing: Psalm 9:5, 12 (1936)

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)